

Die Geestelike Eeufeesmonumentsending-gebied word op hierdie kaart aangedui. Dit is die vyf landdrosdistrikte Ingwavuma, Ubombo, Nongoma, Mahlabatini en Hlabisa.

GEESTELIKE EEUFEESMONUMENTSENDING

MEERDERE VERANTWOORDELIKHEID ANTWOORD OP MEERDERE GENADE

TWEEDE AFLEWERING

PROF. J. C. G. KOTZÉ

Waar staan die Geestelike Eeufeesmonumentsending (GEM) vandag na 39 jaar? So klein, gering en onverwags was die begin dat mens daar beswaarlik iets van kon verwag. En tog sien ons hier iets van die groot woord van die Meester toe Hy gesê het: "Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai: wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en 'n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke" (Matt. 13:31-32).

Dit herinner my aan 'n treffende woord van prof. G. M. Pellissier, toe hy by geleentheid van 'n fees van die Abraham Kriel-weeshuis in Langlaagte gesê het: "Waarheid is soos 'n kiem, al wat dit vra, is om losgelaat te word." Dit is waarom die klag van die Here Jesus teen sy

GEM-Geloftefeesfonds

Intussen moes die klein Natalse kerk, reeds met 'n sendingtaak bo sy kragte, vanweë die geografiese gebied van die GEM, ook hiervoor verantwoordelikheid neem. Die oortuiging van die begin af was egter dat hier 'n saak en geleentheid van die hele Kerk en volk is. Só het die Algemene Sinode dit dan ook aanvaar. Intussen het daar in die Kaapse Kerk die

tydgenote so vernietigend was. Hulle het geweier dat die waarheid aangaande Hom in hulle lewens losgelaat sou word. "My woord," het Hy vir hulle gesê, "vind geen ingang in julle nie" (Joh. 8:37).

Hoe onopsigtelik die aanvang van die Geestelike Eeufeesmonument ook al was, die Hand van die Here was daarin. En onder sy seënende versorging en benatting het dit inderdaad 'n "groeiende monument" geword. In hierdie uitdrukking is daar geen teenstrydigheid nie. Trouens, die grondgedagte daarin was juis om met verloste mense 'n monument te bou . . . : 'n monument, in die woorde van die apostel Petrus, "met lewende stene" opgebou (1 Petr. 2:5).

Bo: Ds. S. D. Simelane (in die middel) saam met proff. J. H. Kritzinger (links) en P. P. Stander wat aldrie pioniers in die GEM-gebied in Noord-Zoeloeland was. **Onder:** Tipiese veld in die kusstreek van die GEM-gebied wat die swak paaie waaroor buiteposte bereik moet word, aantoon. Links in die foto staan van die Lala-palms waarvan sterk drank deur die Swartinwoners gemaak word.

GEM-Geloftefeesfonds ontstaan om die Kerk in Natal te help. Daaroor het die Algemene Sinode in 1974 besluit: "Die Sinode versoek dat by die viering van Geloftedag 'n insameling vir die Geloftefeesfonds van die GEM-sending gedoen sal word". So sien die ASSK (Algemene Sinodale Sendingkommissie) die sendingtaak onder die Zoeloevolk ook as opdrag van die hele Kerk. In sy eie woorde: "Die ASSK vra die Sinodes en die SSK's buite Natal, om op grond van die besluite van die Algemene Sinode van 1974 verdere en grotere geldelike steun vir die GEM op vaste jaarlikse vrywillige basis, te gee . . .", ens.

DANKBAAR

Met reg is daar 'n loflied in ons harte as ons sien hoe dat die groot taak, dikwels onder moeilike omstandighede, gegroei het. Dit beslaan vandag die hele gebied van die vyf noordelike landdrosdistrikte van Natal en Zoeloeland: Ngoma, Mahlabatini, Hlabisa, Ubombo en Ingwavuma . . . . alles dus binne KwaZulu met Ulundi as hoofstad. In hierdie gebied woon ongeveer 300 000 van die Zoeloebevolking. Die GEM-werkkragte hier is op die oomblik drie Swart leraarstandplase, sewentien evangeliste en vier sendelingstandplase, met hulle kerkgeboue en woongeriewe.

Verhoogde behoeftes

Natuurlik kan die geestelike vrug nie so geweeg of getel word nie. Maar wat die uitwendige op die oomblik betref, kan dit so weergegee word. Ons het die getuienisse dat die Gees van die Here deur die jare op baie kragtige wyse in hierdie Sending gewerk het. Tans tel die belydende lidmate in drie selfstandige gemeentes 1 670, en die sieletal 2 753. Daar is 52 persone wat by die Sondagskole met 988 leerlinge help. Gedurende die afgelope jaar is 31 volwassenes en 67 kinders gedoop, terwyl 76 persone belydenis van geloof afgelê het. Tussen 1941 en 1976 is daar 1 626 lidmate bevestig en 3 004 gedoop en is daar 712 huwelike kerklik bevestig. Veral loof ons die Here vir die gees van dringendheid en toewyding wat die atmosfeer en dryfkrag van die aksie uitmaak. Hoe kan hulle anders as ons daaraan dink dat ons enersyds 'n 100 jaar langs die pad verloor het, dat andersyds tans die hele noordelike deel aan die kommunistiese Mosambiek grens, met sy grense deur Frelimo-soldate bewaak.

Verhoogde behoeftes

Dis te verstaan en te verwag dat daar verhoogde behoeftes sal wees. Dis onmoontlik dat die Here soveel genade op die arbeid kon uitstort sonder dat ons arbeid en verantwoordelikhede sou toeneem. Só is dit juis nou in die GEM. Dit het vandag, met al die oop deure, nuwe behoeftes en eise sowel as konkrete gevare, sulke afmetinge aangeneem dat die taak gans te groot geword het vir die Natalse Kerk. Nooit was die oorspronklike beginsel, naamlik dat dit die taak van die hele Kerk is, meer noodsaaklik en aktueel as juis vandag nie.

Nie alleen het die kostes vir die voortsetting van die bestaande arbeid deur die jare geweldig toe-

geneem nie, maar daar is ook vandag dringende nuwe oop deure waarby ons NOU moet ingaan. Van die mees brandende en onmiddelike vereistes is die besetting van die nuwe hoofstad van KwaZulu, Ulundi. Die stad se uitleg en voltooiing het reeds 'n gevorderde stadium bereik. Die spoorweg wat Vryheid en Richardsbaai verbind, is voltooi en Ulundi lê aan daardie spoorlyn. 'n Groot gedeelte van die KwaZulu se staatsamptenare is reeds op die dorpie Melmoth, vanwaar hulle daagliks per bus na Ulundi gaan. U sien, die ontwikkelinge is snel en ontsaglik. Byna oornag het die taak van die GEM verdubbel. Om aan die behoeftes van Ulundi te voldoen, moet ons onmiddellik daartoe oorgaan om hier twee Swartleraars, een sendeling en 'n aantal evangeliste te beroep, met alles wat dit insluit.

Fondse maar deel van die antwoord

Ja, fondse en nog eens fondse is nodig. Ek skrik glad nie daarvoor nie. Waar dit om Jesus Christus en sy koninkryk in hierdie laat ure gaan, het die Heiland die fondse. Ek sê verkeerd . . . het Hy sy fondse. Sê Hy vir ons soos vir Petrus langs 'n wonderdadige weg: "As jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou" (Matt. 17:27). Sy fondse is lankal by sy kinders *in trust* belê. As die fondse dus nie meer daar is nie, het sommige van sy volgelinge die *trustgelde* vir hulself gebruik. Kom medegelowige, maak gou bietjie boeke op. Haal uit die trustgelde van ons Meester. Goed, dit sal só wees. Dankie. Begin nou daar vir hierdie geweldige voorwaartse stoot bid, en luister vir die opdragte wat gewis tot u persoonlik gaan kom.

Laat ons die nuwe GEM-program net gou saamvat. Die lopende program vereis jaarliks R55 500. Wat ons nou gaan doen, hou dus voor alles rekening met hierdie lopende uitgawe. Daarvoor gaan **al ons bydraes na ds. I. J. Haasbroek, Sendingsekretaris, Posbus 649, Pietermaritzburg 3200.**

Hier word ontsaglike eise gestel. Die alternatief is egter as ons nie kan nie . . . laat ons die winde die deure maar toewaai. Niemand van ons voel só nie, altans nie waar dit die Naam en saak van ons Heiland geld nie. Let tog net op: dit wat u stuur vir die opbou van die GELOFTEFEESFONDS gaan ook na: Ds. I. J. Haasbroek, Sendingsekretaris N.G. Kerk, Posbus 649, Pietermaritzburg 3200. Maar u moet asseblief duidelik sê dat dit vir die GEM-GELOFTEFEESFONDS is.

Die stand van die fonds sal gereeld in DIE SENDINGBLAD bekend gemaak word.

Tydens die veldtog word by die buiteposkerk Somkele in die Hluhluwe-gebied middagete geniet.

Selfverloënend hard werk

Maar tegelykertyd gaan ons, met die oog op die genoemde nuwe behoeftes, netso selfverloënend hard werk vir die **GEM-Geloftefeesfonds** van 'n voorgenome R100 000, waarvan die rente gebruik kan word om die lopende program te verlig. Die fonds, reeds in 1970 begin, staan op R21 741. Naas die genoemde lopende rekening kom daar, vir die nuwe behoeftes en beplanning soos hierbo beskrywe, die versoek vir nog 'n R50 000 jaarliks. As ons dus saam met die lopende uitgawes die genoemde Geloftefeesfonds tot sy beoogde kerf kan opstoot, maak ons meteens die dringende taak van die toekoms makliker. Ek stem saam, hier word ontsaglike eise gestel. Die alternatief is egter as ons nie kan nie . . . laat ons die winde die deure maar toewaai. Niemand van ons voel só nie, altans nie waar dit die Naam en saak van ons Heiland geld nie.

Let tog net op: dit wat u stuur vir die opbou van die GEM-GELOFTEFEESFONDS gaan ook na: Ds. I. J. Haasbroek, Sendingsekretaris N.G. Kerk, Posbus 649, Pietermaritzburg 3200. Maar u moet asseblief duidelik sê dat dit vir die GEM-GELOFTEFEESFONDS is.

Die stand van die fonds sal gereeld in *Die Sendingblad* bekend gemaak word.

Oop deur van die onmoontlike

Nog onthou ek watter offers die GEM aan die begin vereis het. Ons het só gegee dat ons seer genoeg gekry het om dit te geniet. Hierdie buitegewone behoeftes, waarvoor ons so oornag te staan gekom het, gee ons die oop deur van die onmoontlike. Dis dan dat ons soos Petrus ons Heiland eintlik dieper en heerliker ontdek. Dit is die vreugde van meerdere verantwoordelikheid in antwoord op meerdere genade. ★

STAAN OF VAL MET UITBREIDING

Oor die Bybelse grondslag van die sending en sy wesenseenheid met die Christendom kan daar nouliks verskil van gevoele wees. Dit is 'n uitgemaakte saak dat die Christendom staan of val met sy uitbreiding. 'n Godsdiens wat finaal en universeel ingestel is, kan nie rus voor hy die eindes van die aarde bereik en aan alle mense op alle lewensterreine die blye boodskap gebring het nie. (DIE AFRIKANER EN DIE SENDING, Dr. G. B. A. Gerdener, bl. 127, 128). ★